

**25 Januarie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-12**  
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:4 & 5**  
**HK, Vraag 25**

### **Ons dien een God – Vader, Seun en Heilige Gees**

Staan daar iewers in die Bybel dat God een Wese is wat in drie Persone onderskei word? Nee. Maar waar kom ons dan daaraan? Die Kategismus antwoord: Dit staan in die Bybel.

Wanneer die Israeliete se kinders geleer het om “pa” en “ma” te sê, het hulle ook al begin leer om te bely: “Die Here, onse God is ‘n enige Here.” Hierdie belydenis kom van die Here self. Met hierdie belydenis erken die volk dat die Here Homself bekendmaak as hulle God, die enigste wat Here is en ook dat Hy een God is. Die heidene moet verskillende gode vir verskillende behoeftes skep.

Volgens die Bybel kom God en Hy gee in sy almag en trou sy beloftes. Dit is beloftes wat hou. Hierdie beloftes kom na ons, nog voordat ons “pa” of “ma” kan sê. Hulle word immers in ons doop bevestig. Jesus sê self dat ons gedoopt moet word in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees (Matt 28:19). Die Persoon van die Vader beloof ons ‘n ewige verbintenis uit genade. Die Persoon van die Seun beloof ons dat Hy ons van al ons sondes reinig. Die Persoon van die Heilige Gees beloof dat Hy in ons woon en werk.

Ons glo in een God, die God wat ons liefhet met ons hele hart, ons hele siel en al ons kragte.

*Sing: Psalm 33:2, 3 (1936-beryming)*                           *Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*  
*Psalm 33:1 (2001-omdigting)*